SÊ JOU SÊ!

HALFJAARLIKSE AANSUIWERINGS AAN DIE MTREF, DIE KORPORATIEWE TELKAART EN DIÉ VAN DIE MUNISIPALE ENTITEITE

Die Stad Kaapstad nooi gemeenskappe om kommentaar te lewer oor die halfjaarlikse aansuiwerings aan die 2021/22- mediumtermyn- inkomste-en-uitgaweraamwerk, die 2021/22-korporatiewe telkaart (huidige boekjaar), asook dié van die munisipale entiteite (Kaapstad- internasionale konferensiesentrum en Kaapstad-stadion) wat deel van die GOP (IDP) 2017-2022 uitmaak. Dit hou verband met die halfjaarlikse aansuiwerings volgens Raadsresolusie op 27 Januarie 2022.

Ingevolge artikel 17 van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Stelsels, Wet 32 van 2000, word die publiek en belangstellende partye of groepe die geleentheid gebied om van 7 tot 27 Februarie 2022 kommentaar by die munisipaliteit in te dien.

Kommentaar kan soos volg ingedien word:

- E-pos: idp@capetown.gov.za
- Skriftelike voorlegging: Lewer by jou naaste subraadskantoor af
- Webwerf: www.capetown.gov.za/haveyoursay

Die Stad se eenheid vir openbare deelname sal mense met gestremdhede wat nie skriftelike kommentaar kan indien nie, help om hul kommentaar of insette aan te teken en by die Stad in te dien. Kontak die eenheid vir openbare deelname by 0800 212 176 of public.participation@capetown.gov.za om hulp met die indiening van jou kommentaar te versoek.

Die halfjaarlikse aansuiwerings aan die mediumtermyn- inkomste-en-uitgaweraamwerk en korporatiewe telkaart, asook dié van die munisipale entiteite (Kaapstad- internasionale konferensiesentrum en Kaapstad-stadion) kan by subraadskantore, munisipale biblioteke en by www.capetown.gov.za/haveyoursay besigtig word.

Kontak die eenheid vir strategiese beplanning by idp@capetown.gov.za vir meer inligting.

LUNGELO MBANDAZAYO
STADSBESTUURDER
CTA06/2022

CITY OF CAPE TOWN
ISIXEKO SASEKAPA
STAD KAAPSTAD

Maak vooruitgang moontlik. Tesame.